

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 47

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

DIE LENTE HET GEKOM

Wat is mooier as die eerste bloeisels na die winter wat so hier en daar begin kop uitsteek? Hulle skraap die moed bymekaar en begin uit die komberse te kruip — hulle het die voetstap van die voorjaar gehoor. Ja, een van die dae is die lente hier! Die winter is besig om te groet tot volgende jaar.

Ons ondervinding is om nie te gou te praat nie. Ons ken mos daardie skelm, laat koue wat skielik toeslaan en die bloeisels vergaan voor hulle vrugte kan oplewer — te vroeg weggevee en hulle wou nog soveel bereik! Dit is of jy hartseer word en dink aan die woorde van 'n digter wat jy êrens gelees het: vroeggestorwe kindertjies, soos bloeisels in die knop gesterf.

Wanneer die sekel van die koue gaan kom, weet ons nooit vooraf nie. Soos die bloeisels hoop ons miskien om later vrugte te dra, om later vir God en ons naaste te lewe, om later goed te doen, wanneer daar meer kans sal wees, beter omstandighede. Môre, oormôre is nog 'n dag. Ons het nog tyd, maar onverwags kom vat die koue hande van die dood jou weg! Een nag — en dis met die blom verby, sonder dat hy sy vrug kon dra — leeg sal hy op die aarde val.

Leë hande voor God — 'n gewete wat pynig. Vrugte in die kiem gesterf toe hulle nog voornemens was, maar dit is onherroeplik verby. Dra dan vrugte — nou! Gee die geur van jou liefde aan God en jou naaste — vandag!

W. J. Maritz

IS DAAR 'N EWIGE STRAF?

"Kan 'n mens glo, as God liefde is, dat daar 'n ewige straf sonder einde sal wees?"

Bedenkinge

Hierdie bedenkinge dat, omdat God liefde is, daar geen ewige straf sal wees op onboetvaardige sondaars deur so 'n God nie, is baie oud. Daar is van verskillende kante oorweginge aangevoer om die ewigdurendheid van die straf van die goddelose in die hel weg te redeneer. So is beweer dat die ewigheid van die helse straf strydig is met die liefde, goedheid en barmhartigheid van God, wat geen behae sal hê in die ewigdurende straf en lyding van sy skepsels nie. Dit is ook strydig met die regverdigheid van God om op 'n tydelike en eindige sonde wat op aarde begaan is, 'n ewigdurende en permanente straf te laat volg;

Dit is ook strydig met ons rede, omdat daar geen sin in sou wees om iemand ewiglik te straf wat tog nie weer tot berou kan kom of hom kan verbeter nie en dit sou selfs strydig wees met uitdrukkinge in die Skrif wat dui op die herstelling van alle dinge eendag en dat God almal se saligheid begeer. Op grond van sulke oorweginge wat by sommige denkers aangetref word, word dan beweer dat daar óf geen hel is, óf daar sal in die hiernamaals nog 'n kans wees om tot inkeer en versoening met God en saligheid te kom, óf dat die straf in die hel nie ewig sal wees nie, maar een of ander tyd sal eindig.

Wat sê die Bybel?

Tog staan teenoor allerlei sulke bedenkinge die Woord van God in alle duidelikheid voor ons met sy leer aangaande die ewigdurendheid van die helse straf. Uitdrukkinge soos "onuitbluslike vuur," waar die "wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie" (Mark. 9 : 43, 44), die "ewige vuur" (Matt. 18 :8; 25 :41), 'n "ewige verderf" (2 Thess. 1 : 9) en "dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid" (Openb. 20 : 10), laat tog geen twyfel oor die duur van die rampsaligheid nie. Ewig word verseker in die sin van eindeloos gebruik. Die lewe wat Christus aan sy gelowiges gee, heet die ewige lewe; God word die ewige God genoem; die hemel word as ewig voorgestel; en niemand sal beweer dat dit nie in elkeen van daardie gevalle ook insluit dat ewigdurend en eindeloos bedoel is nie. God sal nooit ophou om God te wees nie; die ewige lewe sal nooit weer ongedaan gemaak word nie. Waarom sal die ewige verderf dan uitgesluit word?

As ons nou dink dat so iets strydig is met die liefde van God, laat ons daaraan dink dat ons uit die mond van Jesus-self die meeste gehoor het van die ewige verdoemenis — meer as van al die Bybelse profete en apostels saam. Dit is Hy, die Seun van God se liefde, Hy wat Homself tot aan die kruis gegee het uit grote sondaarsliefde om te red van die ewige verderf — dit is Hy wat spreek van 'n plek van ewige rampsaligheid vir diegene wat die goddelike liefde vertrap en versmaad en wat die sonde verkies bo die deug.

Sou Hy, as dit anders was, as daar 'n eindige en tydelike straf op die sonde sou volg, nie daardie ligstraal van hoop êrens in sy gesprekke laat deurskemer het nie? Sou Hy nie presies weet hoe die saak staan nie? Sou ons onfeilbare Leermeester op hierdie punt vir ons 'n onware en te donker prent geteken het?

Eintlik sou die kruis dan self ook oorbodig wees! As dit nie gegaan het oor die redding uit 'n ewige verderf nie, dan was die prys van die dood van die Seun van God aan die kruis te duur om vir ons te betaal.

God nie voorskrywe nie

Laat ons nie barmhartiger en regverdiger as God-self wil wees nie. Laat ons nie probeer om vir God voor te skryf wat wel met sy liefde en goedheid verenigbaar is en wat nie! Sonde is wetteloosheid en opstand teen God en gedurige vyandskap teen Hom. In sy wese is dit 'n skending en aanranding van die hoogste majesteit van God en 'n verwerping van sy gesag en reg oor ons. Laat ons dan nie lig dink van sonde nie. Die sondaar wat die gesag van God verwerp, die Seun van God aan die kruis bring en sy bloed wat tot redding gestort is met voete vertrap en versmaad, het hom aan 'n ewige vergryp skuldig gemaak.

Die God van liefde, wat die sonde haat en wat die sonde ook moet straf, omdat Hy nie net liefde is nie, maar ook geregtigheid self is, het sy liefde daarin betoon dat Hy Christus gegee het, "sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kon hê."

Daar is die liefde wat ons betyds moet eer en aanvaar; wie daardie liefde verag, sal kennis maak met die gramskap en geregtigheid van God, wat 'n "verterende vuur" is (Hebr. 12 : 29; vergelyk ook Hebr. 10:26-31). Hy wat nou die Verlosser is, wat in sy liefde met ons pleit, sal eenmaal die Regter wees wat oordeel. Of ewige hemelse saligheid óf ewige helse rampsaligheid is dan ons deel — ewig met God óf ewig buite gewerp — geen derde moontlikheid nie!

Aangehaal uit "In U Lig" deur dr. Jac J. Muller

Die Bybel en die Wetenskap

Die Bybel is geen wetenskaplike handboek en gaan daarom nie in op allerhande vrae van die verskillende wetenskappe nie. Die Bybel moet egter erken word deur alle wetenskappe as die Woord van God en derhalwe as absolute waarheid. Elke wetenskap moet in die lig van die Bybel beoefen word. As daar sogenaamde botsings is tussen wetenskaplike bevindings en die Bybel, moet ons dit toeskrywe aan die beperkte insig van die menslike verstand wat deur die sonde verduister is.

Die erkenning van die Bybel in die wetenskap grond ons op Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis waar dié beginsel gestel word dat ons die boek van die natuur moet lees by die lig van God se Woord.

Die wetenskap moet rekening hou met die volgende Bybelfeite:

- dat God die Skepper is wat alles onderhou en regeer;
- dat God die verskeidenheid in die skepping gelê het;
- dat die sonde groot omwentelinge in die skepping gebring het;
- dat die menslike verstand beperk en verduister is;
- dat daar verborge geheimenisse is;
- dat alles (ook die wetenskap) tot eer van God moet wees.

Elke afsonderlike vak moet ook uit die Bybel sy godsdienstige grondslae aflei. Die geskiedenis moet gesien word as die ontwikkeling van God se raadsplan, die biologie as God se wonder, die regswetenskap as God se ordehandhawing, ensovoorts. Ons verwerp alle neutrale onderwys.

In verband met die tegniese prestasies van ons eeu:

- ons moet God loof en prys en dank vir ons tegniek. Sy glorie word daardeur verhoog, want dit is alles ontdekkinge van wat Hy in die aarde gelê het;
- atoomkennis vertel van die wysheid van God;
- ruimteverkenning roep van sy almag en grootheid;

Die een laboratoriumresultaat stort vir die ander 'n boodskap uit en die een projektiel vertel vir die ander:

"Daar is geen land so ver en woes geleë
Geen strand, o Heer, of wilde waterweë,
Geen hemelsfeer in die oneindigheid
Of orals blink u Naam en majesteit."

Loof God vir die grootheid van sy vermoë wat openbaar word in die tegniese wêreld van vandag!

Dank God dat Hy in sy algemene genade al dié dinge aan die mensdom skenk. Nou kan die verwoestende siektes bestry word. Woestyne kan tot vrugbare aarde omskep word. Kragopwekking kan miljoene mense dien. Ruimte-verkennings kan weervoorspelling ontwikkel tot voordeel van die seevaarders en lands- en lugburgers. Mannekrag kan gespaar word van eentonige take. Die magsbalans kan deur kernwapens beheers word. Die geleide projektiële van Oos en Wes wat teen mekaar ingestel is, waarborg vrede. Dank God vir die

honderd-en-een dinge waardeur die mens se lewe op aarde gedien en bevorder kan word.

Die sonde lê nie in die tegniese prestasies nie, maar in die gesindheid van die mense wat dit ontwerp en gebruik. Die tegniese prestasies maak hom grootdoenerig, verwaand, onverskillig en uitdagend. Ons taak is om die mens agter die tegniek te wys op die Here — die Gewer van alles.

W. J. de Klerk

DIE MODERNE MENS

Die moderne mens, deur sy studie en opvoeding vermink, deur sy beroep verpletter en deur sy geloof vereensaam, is diep ongelukkig. Sy bestaan het geen ankers meer nie. Hierdie losstaan is sy kruis. Leegheid en eensaamheid vorm saam die siekte van die moderne mens. Die volgende simptome is onmiskenbaar:

1. Die toespitsing op die oomblik.

Die mens het sy sin vir die ewigheid verloor. In die besef van sy verganklikheid, klem hy in wanhoop vas aan die oomblik — dit is sy enigste besit. Die ledigheid van sy siel stort hy in verveling uit op die sintuiglike lewe van die oomblik.

2. Die smaak vir besoedeling en sonde en betowering.

3. Die behoefte om nuwe gode te vind... nuwe ankers waarop hy sy lewe kan vasmeer te midde van al die veranderende dinge. Ons sien duidelik dat die mens God nie kan mis nie. Onder die strewes van sy natuur, het hy behoefte aan die Heilige en die verheffing na die Goddelike, is een van sy wesenstrekke. Die mens is vir aanbidding geskape en eers in die vervulling daarvan, vind die mens voldoening.

Hierdie aanhaling is vry vertaal uit 'n boekie van Raoul Stéphan: Het Westen op de Dwaalweg.

So sien ons daaglik die mense om ons. Wat van jou? Jy voel vervreemd van God en sy Woord; die prediking spreek jou nie meer aan nie en jy voel ontevrede met die kerk. Daar is dikwels twyfel oor ou aanvaarde waarhede in jou hart. Onsekerheid, gespannenheid, verveeldheid en vermoeidheid is jou las. Jy wonder wat is die sin en doel van alles.

Jy geniet niks meer nie. Daar is maar een uitweg: terug na God. Die ABC van hierdie weg is: terug na die Bybel en na die gebed en na die kerk.

"Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan, want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind." (Matt. 7:13-14).

W. J. de Klerk

Woorde vir u oorweging

Die wet van die Here is volmaak. Dit verkwik die siel; die getuienis van die Here is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Die bevel van die Here is reg. Hulle verbly die hart; die gebod van die Here is suiwer en dit verlig die oë.

Die vrees van die Here is rein. Dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die Here is waarheid; tesame is hulle regverdig. Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud en soeter as heuning en heuningstroop.

Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon. (Ps. 19:8-12.)

Vir die musiekleier, 'n psalm van Dawid: Here, U deurgrond en ken my. U ken my sit en my staan; U verslaan van ver my gedagte. U deurvors my gaan en my lê en U is met al my weë goed bekend, want daar is nog geen woord op my tong nie, of U, Here, U ken dit geheel en al. U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my. Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie.

Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar! Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon, ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou.

As ek sê: Mag tog net die duisternis my oorval en die lig nag wees tot my beskutting, dan is selfs die duisternis vir U nie donker nie, en die nag gee lig soos die dag, die duisternis is soos die lig. (Ps. 139:1-12).

Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my.

Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang. Kyk, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend.

Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. Laat my vreugde en blydschap hoor; laat die gebeente juig wat U verbrysel het. Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede.

Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees. (Ps. 51:3-14.)

Calvyn-Woorde

Want wat kom beter en meer passend ooreen met die geloof, as om te erken dat ons ontbloot is van alle deug, sodat ons deur God beklee mag word? Dat ons leeg is van al wat goed is, sodat ons deur Hom gevul mag word? Dat ons slawe van die sonde is, sodat ons deur Hom bevry mag word? Dat ons blind is, sodat ons deur Hom verlig mag word? Dat ons kreupel is, sodat ons deur Hom gelei mag word? Dat ons swak is, sodat ons deur Hom ondersteun mag word? Dat ons aan onself alle srof tot roem ontnem, sodat Hy alleen roemryk mag uitblink en ons in Hom mag roem?

Verder, wat is meer in ooreenstemming met die geloof as om God voor te stel as 'n genadige Vader wanneer Christus erken word as Broeder en Versoener; as om alle vreugde en voorspoed onbekommerd van Hom te verwag, Wie se onuitspreeklike liefde vir ons sover gegaan het, dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie maar hom vir ons oorgegee het (Rom. 8:32) as om in die vaste verwagting van saligheid en ewige lewe te berus as ons dink dat Christus deur die Vader gegee is, in Wie sulke skatte verborge is?

(Calvyn)

AS DIE DUISTERNIS KOM

Ons het rondom sy bed gestaan... gespanne. Die horte en stote van sy asemhaling het swaarder geword. Die dokter het gesê vannag sal die krisis wees en ons het dit sien naderkom. Die liggaam tussen die lakens het telkens ineengeruk asof in 'n laaste stuip trekking. Buite was die nag donker en koud.

Hy was 'n onverskillige man, solank ek hom geken het. Lief om te vloek en die Groot Naam te laster. Miskien het hy ook sy goeie punte gehad. Ek weet nie, maar ek het hom nooit in die kerk gesien nie. 'n Man wat vir homself gedink het en sonder God gelewe het. Vandat hy die dominee en ouderling uit sy huis gejaag het, het hulle ook nie meer daar gekom nie. Arme vrou tjie... sy was 'n goeie mens. Klein en verwese het sy met 'n nat waslap langs sy bed gestaan.

Vroeër die aand het sy 'n Bybel langs sy bed gesit. Waarop sy gehoop het, weet ek nie. Hy het dit raakgesien, maar daar was veragting, nee, vuur en haat, miskien die duiwel self, toe hy die Bybel vat en voor ons oë flenters skeur. Daarna het hy met 'n kreun teruggeval op die kussings. Ons het verslae langs sy bed bly staan en in sy vrou se oë die ontsteltenis en pyn gelees.

Toe het oom Jan sy hand gevat en met hom begin praat. Hy het hom vertel van die liefde van Christus wat soveel vir ons gely het, hom vertel van die hemel en die ewigheid, van die lewe anderkant die graf, van 'n moordenaar aan die kruis wat in Christus geglo het en die Paradys ingegaan het. Dit was nog nie te laat nie. Sal hy nie tot berou kom nie? Oom Jan kon mooi uit die Bybel praat oor die genade van God, oor sy stem wat ons roep, oor die bruilof van die Lam.

Hy het weer sy oë oopgemaak en ek kon sien hy was by sy volle verstand. "Nee," het hy skor gesê, "Ek wil... Hom... nie ken nie. Hy is 'n... wrede God... wreed... al die pyn... dis Hy!" Toe het hy gevloek. Hy het God gevloek met wilde oë waarin pyn en afsku was.

Die toestand het vinnig versleg en kort daarna het hy in 'n beswyming geval. Ons het gedink dis verby, maar na 'n uur het hy weer bygekom. Sy hande het orent geruk en wild geswaai, asof hy iets wou wegkeer, iets wat hom bedreig wou wegstamp van sy bed. Deur die roggel heen wou hy nog iets sê, iets skreeu, maar sy stem was weg. In sy oë was daar vrees — 'n wilde, ongetemde angs. Dit het uit sy wydgesperde oë uitgeskreeu en jou versteen laat staan.

Ek kon nie langer kyk nie. Dit was asof ek iemand gesien het in die hel, magteloos verlore, sonder God, sonder hoop, weggesink in vertwyfeling en angs, in ewige nag. Dis iets waarna ons nie mag kyk nie. Die einde was daar. Na 'n halfuur het hy gesterf met die vrees in sy stywe verglaasde oë. Ons was verslae... elkeen met sy eie gedagtes en niemand het geweet wat om te sê nie.

Buite het die môrester laag aan die oostelike hemel gehang, maar die nag was nog swart. Ek het na die sterre gekyk, diamante aan 'n swart hemel — onmeetlik en wyd. Ek het gedink aan God se werke bo ons en om ons... die lig van genade en die ewige Paradys wat wag op God se kinders, maar die oë van vrees in die sterfkamer kon ek nie vergeet nie. Wat het hulle agter die newels gesien — gesien toe dit reeds te laat was?

Ek het gepeins oor die siel van 'n mens, oor onverganklike heerlikheid en nimmereindigende smarte, oor ewige lig en buitenste duisternis en oor 'n verskeurde Bybel op die vloer...

Toe het iemand geroep vir koffie.